ADVERTENSIE




"Kyk, ek was nog altyd regs. Ek was Hoofsekretaris van die KP en 'n voorbok om 'n nie-rassige verkiesing te verhoed. Ek het 50 000 mense georganiseer om in Pretoria te betoog teen Nelson Mandela se vrylating. Ek was selfs twee weke in die tronk om 'n regse geesgenoot te beskerm. Ek het die Potchefstroom-tussenverkiesing wat die referendum veroorsaak het, teen die NP gewen.

Maar in die referendum het ons 'n verpletterende pak gekry en die blanke kiesers het FW 'n oorweldigende mandaat gegee om Suid-Afrika op 'n nuwe pad te lei. Die KP kon nie so aangaan nie. Ek het geweet ons moet apartheid agterlaat.

Ek en Martie het 5 seuns. Apartheid kan hulle nie beskerm nie. Ek het vir myself gesê: Beyers, jy moet apartheid uit die KP uitkry. Ek het probeer maar Ferdi-hulle was en is te lief vir apartheid. Hulle het my uit die party gedryf. Toe ek daarna met Mandela onderhandel, het hulle my vir 'n verraaier uitgekryt. Minder as 'n jaar daarna onderhandel Ferdi toe self met mnr. Mandela.

Al ons proefnemings met apartheid en die volkstaatidee was nutteloos. KP-parlementslede kon nie eens 'n volkstaatbeleid opstel waarmee almal saamstem nie. Prof. Boshoff, genl. Viljoen se premierskandidaat in Noordkaap, het gesê 'n volkstaat in Transvaal en die OVS is net so onuitvoerbaar as om met 'n roeiboot teen 'n waterval op te roei. Dís nou sy eie leier se beleid! So 'n beleid kan mos nie my vrou en 5 seuns beskerm nie. En as 'n beleid nie kan werk nie, moet jy die moed hê om dit te los.

Soos Pres. de Klerk. Hy het sy mense bevry van hierdie onregverdige beleid wat selfs oor dekades nie vir ons sekuriteit kon bring nie – net die hoon, sanksies en verwerping van die hele wêreld en die bittere teenstand van apartheid se slagoffers.

Toe ons land ware leierskap die nodigste gehad het, het dit gekom – van Pres. de Klerk. Sy nuwe en regverdige beleid het ons Afrikaners 'n reusagtige guns bewys, want dit was 'n Afrikaner wat hier *en* wêreldwyd respek afgedwing het.

Ek wil seker wees van 'n beter toekoms. Daarom steun ek FW. Hy weet wat hy doen. Hy is sterk. Hy lei met visie en moed. En hy lei die *enigste* party wat die ANC kan hokslaan.

Kom mense! Kom ons los die nuttelose stryery. Stem vir die NP in hierdie verkiesing. Help FW om die ANC op sy plek te sit en vrede, vryheid en voorspoed vir ons almal te verseker."

## WEES SEKER VAN 'N BETER LEWE

**Stem vir FW de Klerk en die nuwe Nasionale Party**

NP Nasionale Party



Opgestel en uitgereik deur Marthinus van Schalkwyk, Marksgebou, Parlementstraat, Kaapstad. OPTIMUM MARKETING COMMUNICATIONS 22589